NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE : MODERATUUR : 19 MEI 2005

1. OPENING EN VERWELKOMING

1.1 Ds Hansie Schutte heet almal welkom en open met gebed.

2. PRESENSIE

Ds Hansie Schutte – voorsitter
Dr Chris van Wyk – onder-voorsitter
Dr Schalk du Toit – aktuarius
Ds Danie Mouton - skriba

3. BYKOMENDE SAKE UIT DIE KERK-VERBAND VIR DIE BUITENGEWONE SINODE

3.1 Aanbeveel dat die volgende sake op die sakelys geplaas word:

3.1.1 Sake uit die Moderamen Algemene Sinode (die jongste notule word nog ingewag);

3.1.2 Kerkhereniging (reeds deur SK van 2005-04-14 goedgekeur – Bylaag I.2 pt 2.1.5);

3.1.3 Homoseksualiteit;

3.1.4 Terugvoer Algemene Predikante-vergadering;

3.1.5 Seisoen van luister (die proses word verduidelik).

4. ANDER ASPEKTE: BUITENGEWONE SINODE

4.1 Die integrasie tussen die ontwerpspan en die leierskap van die sinode is belangrik met die oog op die inrig van die buitengewone sinode.

4.2 Aanbeveel by die ontwerpspan dat die moderatuur ‘n gedeelte van die ontwerpspan bywoon en insette maak.

4.3 Aanbeveel by die ontwerpspan dat die vier moderatuurslede die fasilitering hanteer indien ‘n ander fasiliteerder nie gevind kan word nie.

5. PATMOS

5.1 Kennis geneem dat ‘n verkleinde gemeente geesdriftig haar werksaamhede voortsit.

6. PRIORITEITE VIR DIE KERKVERBAND

6.1 Konsultasie in verband met kerkhereniging

6.1.1 Verwys na Bylaag I.2 wat deur die SK van 2005-04-14 goedgekeur is.

6.1.2 Die uitvoering van hierdie besluite word beplan as volg beplan:
6.1.2.1 Hansie skryf die verduidelikende dokument en Dannie versprei dit (pt 2.1.1);
6.1.2.2 Schalk stel die raamwerk op (pt 2.1.2);
6.1.2.3 Barnard word versoek om in oorleg met Chris die fasiliteerders en hul opleiding te reël (pt 2.1.3)

6.2 Streekskonvente

6.2.1 Die VGK-Kaapland is nou gereed om deel te neem aan gesprek oor streekskonvente.

6.2.2 Aanbeveel dat gesprekke gevoer word, maar dat die uitvoering van streekskonvente oorgedra word na 2006. Die bedoeling is die energering van plaaslike gemeentes om by mekaar betrokke te raak.

7. ANDER SAKE

7.1 Finansies van die sinode

7.1.1 Die vraag is of die finansiële beplanning van die buitengewone sinode van 2002 realiseer. Aanbeveel dat die finansiële state van die sinode 2004/2005 deel word van die sakelys van die buitengewone sinode vir die laaste sittingsdag.

7.1.2 Tans word sinodale fondse wat aan die voormalige kommissies toebedeel was gebruik om die sinodale funksies te befonds per SK-besluite. Kondonering hiervoor word by die buitengewone sinode gevra.

7.1.3 Die vraag is hoe hierdie saak in die toekoms hanteer moet word. Die buitengewone sinode spreek hom uit oor die toekomstige finansiering van die sinodale funksies. ‘n aanbeveling hieroor aan die sinode word deur die DL Finansies (s), die DA en die skriba voorberei.

8. AFSLUITING

8.1 Die vergadering sluit om 11:00